**CACHET APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien.

Klein genoeg om u te ken.

★

DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX VRYDAG, 30 MEI 1975 Nr. 7

**PUKKE!**

vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen Broers (Edms.) Bpk.**

Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.



. . . „ja, wat dan?" Dit is blykbaar wat mnr. Theo Gerdener, oud-minister van binnelandse sake en nou leier van die Demokratiese Party, hier wil vra. Mnr. Gerdener het verlede week PNB in die Totiussaal toegespreek. (Foto: A.G.)

# Gerdener verkies 2-stroom politiek

**TENSY 'n meerderheid van Suid-Afrika se kiesers, ongeag hul politieke verbintenisse, binne die volgende jaar of twee sekere binnelandse werklikhede aanvaar, sal hulle nie daarin slaag om 'n uiteindelike katastrofe in hul land af te weer nie.**

So het mnr. Theo Gerdener, oud-minister van binnelandse sake en nou leier van die Demokratiese Party, op 'n PNB-programaand op 22 Mei in die Totiussaal gesê.

### WEIERING

Volgens mnr. Gerdener het die weiering om die realiteite as finaal te erken en te aanvaar, Suid-Afrika binnelands en buitelands reeds meer skade berokken as wat hy kan bekostig. Mnr. Gerdener het gesê dat die volgende werklikhede reeds aanvaar moes gewees het:

- **Die „oplossing" van die Rhodesiese en die S.W.A.-vraagstuk beteken nie die oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstuk nie;**
- **die buitelandse politieke, militêre en ekonomiese druk op Suid-Afrika gaan drasties toeneem en niks minder as ingrypende binnelandse veranderinge sal hierdie druk kan afweer;**
- **die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking verwerp die huidige beleid van afsonderlike ontwikkeling;**
- afsonderlikheid kan nie langer soveel skeiding en veiligheid meebring as wat 'n groot deel van die Blanke kieserkorps die afgelope kwarteeu gehoop het nie;
- voortgesette weiering om aan die Kleurlinge en die Indiërs volwaardige en gelyke burgerskap te gee, is niks minder as politieke dwaasheid nie;
- die stedelike Bantoe is permanent in die stedelike gebiede gewortel en om te beweer dat twintig persent van die stedelike Bantoes nog na die Tuislande gestuur kan word, is polities dwaas;
- om weer ten volle deur die buitewêreld aanvaar te word, sal Suid-Afrika alle diskriminerende bepalings in sy wetgewing moet verwyder;
- klein apartheid kan nie deur wetgewing verander word nie. Die beëindiging daarvan lê in die hande van die kiesers.

### STADSTAAT

Ten opsigte van die stedelike Bantoe, het mnr. Gerdener stedelike stadstate wat soos die Tuislande sal funksioneer, voorgestel. Na samesprekings met Gatsha Buthelezi van die Zoeloes, het hy (mnr. Gerdener) tot die gevolgtrekking gekom dat een so 'n stadstaat per provinsie die gewenste „oplossing" sal wees. Om hierdie stadstate kan dan modelstate gebou word, kompleet met myne, nywerhede ens.

### DISKRIMINASIE

Mnr. Gerdener het ook gesê dat die bestaande beleid van parallelle ontwikkeling ten opsigte van die Kleurlinge en Indiërs 'n ernstige element van diskriminasie inhou.

Volgens mnr. Gerdener het die Blankes ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die

★ *Vervolg op bladsy 3 kolom 4*



„. . . Die tweestroombeleid is ongetwyfeld die mees aanvaarbaarste in die hele Suid-Afrika . . ." en oud-minister Theo Gerdener, nou leier van die Demokratiese Party, bal hier sy vuiste om sy standpunt te ondersteun. Mnr. Gerdener het homself as 'n beroepspolitikus bewys hoewel dit wat hy verkondig het, nie altyd waterdig was nie. (Foto: A.G.)

# KORPS REAGEER OP STOFWOLK

**VERKLARING na aanleiding van die Vlugskrif 1975, nr. 2, van die studiekring: „Trek die skoen aan wat pas".**

- Die Korps beklemtoon die doel en opset van „Vyfminute" soos dit in die aanhef van die vlugskrif afgedruk staan, wat inhou:
  — dat „Vyfminute" soms vraagstelling sonder antwoord is;
  — dat dit verdere besinning verg om tot 'n helder omlynde Skrifverantwoorde antwoord te kom;
  — dat dit nie noodwendig Studiekringlede ('n onderliggaam van die Korps) se standpunt is nie.
- Die Korps Veritas Vincet steun die Studiekring in sy publisering van die vlugskrif hierbo genoem.
- Die Korps beskou die vlugskrif nie as 'n rewolusionêre stuk wat teen owerheidsinstellings gemik is nie, maar as 'n analise van die skrywer van 'n feitlike situasie.
- Die Korps identifiseer hom nie kategories met een van die groepe wat in die vlugskrif genoem is nie, maar glo dat voortdurende hervorming nodig is in ons gebroke wêreld en dus ook aan die P.U. vir C.H.O.
- Die bedoeling van die vlugskrif was nie om vuil wasgoed vir die buitewêreld uit te hang nie — daarom die beperkte kampussirkulasie. Die Korps glo egter dat ons die moed van ons oortuiging moet hê om misstande (wanneer daar is) in eie geledere te erken en op te klaar, eerder as om dit onder die kombers te laat gedy. As daar in 'n liggaam 'n sweer is, moet dit betyds uitgesny word, so nie word die hele organisme aangetas.

Paul Krüger,
voorsitter KVV.

# Leeu, Makou byna haaks

**LEEU en Makou het mekaar verlede week amper oor musiek in die Sentrale Eetsaal gepak en vlieënde piesangs, borde en koppies was aan die orde van die dag.**

**Die hele gedoente het ontstaan toe Makouvlei musiek tydens aandete oor die luidsprekerstelsel wou verskaf. Dié musiek het Over-de-Voor dwars in die krop gesteek en seniors van dié koshuis het 'n eerstejaar gestuur om die skreeuende musikant uit sy nood te help.**

**'n Oor-en-weer aan-en-afsittery het toe gevolg. Humeure het opgevlam en vlieënde piesangs het groot skade op die volgedekte tafels aangerig. Later het borde ook deur die eetsaal gesweef.**

**Manne van albei koshuise het opgevlieg en aan mekaar begin ruk. Na 'n groot gesukkel is die kokendes toe koudgelei.**

BULT-APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377

**STUDENTE APTEEK**

—WP

# TONGE BARS LOS IN KOSHUISE

**AS Salomo destyds geweet het hoe baie mense die wag voor hulle mond sal ontglip, het hy sowaar ander raad gegee — raad wat alle skindery en slegpraat summier sou stopgesit het.**

Maar nou het hy nie, en omdat middeleeuse strafmaatreëls van ystertralies om die kop ook nie wou help nie, word daar nog daagliks mense ernstig geraak deur die gevolge van skinderpraatjies wat oor hulle versprei word.

Mense praat graag oor mekaar. Wat is buitendien interessanter as juis jou medemens wat al sy vreugdes, sy teleurstellinge, sy vrees en sy hoop? Een van die baie dinge in jou daaglikse bestaan hier wat jou direk raak is maar, om 'n voorbeeld te noem, jou kamermaat se nuutste motor of jou vriendin se verhouding met die mansgeslag. Logies dus dat 'n mens daaroor sal praat.

Daarmee is op sigself niks verkeerd nie, dis die manier waarop jy daaroor praat wat saak maak, wat 'n gewone gesprek alteveel na skinder laat klink.

In die lig van meer aktuele probleme op die kampus, om van dié op landsgebied nie eens te praat nie, lyk die probleem van skinder soos 'n klein bruin voëltjie. Maar in konteks gesien is dit nie, en kan daardie skinderpraatjies 'n individu se toekoms of geluk ernstig benadeel.

Mens kry natuurlik daardie tipe mens wat doelbewus sulke praatjies versprei, gewoonlik om een of ander vorm van minderwaardigheid te verberg. Die ironie van die saak is egter dat die grootste gros wat vir die genoemde gevolge verantwoordelik is, dit glad nie so bedoel nie.

Dit kry mens veral in die dameskoshuise: 'n groepie dames sit en gesels — gewoonlik oor hulleself, dikwels oor hulle maats — en soos die gesprek vorder word daar al hoe meer fei.e oor die persoon of perso.e onder bespreking genoem, totdat iemand in 'n poging om ook 'n stuiwer in die armbeurs te gooi, met 'n halfverdraaide feit vorendag kom.

Hierdie nuwe wending laat almal se belangstelling weer opvlam, en kort voor lank staan die onderwerp se hele reputasie of beeld na buite in ligte laaie. En dit sonder opset!

Ag nee, dames, en mans ook, wat word van Jy-moet-jou-naaste-liefhê-soos-jouself in sulke gevalle? Mens maak mos nie sommer so kleingeld van alles wat belangrik is vir ander mense nie. Dink liewers volgende keer mooi voordat jy 'n gesprek begin met „Het julle gehoor?"

Dalk loop jy ook eendag oor die kampus om van 'n wildvreemdeling te hoor dat jyself glo lankal getroud is, of dat jou motor deur die skuldeisers teruggneem is.

# DEEL NET KOMPLIMENTE WAT PAS EN WANNEER DIT PAS UIT

**DIT is tog jammer dat al die oppervlakkigheid in ons lewens die waarde van komplimente al so afgewater het dat selfs opregbedoelde komplimente soos goedkoop vleitaal klink. Dit voel tog so baie asof dit met bybedoelings gegee word.**

'n Kompliment behoort 'n eerlike kommunikasie tussen twee mense te wees. Die aster of ou wat die kompliment maak, bewonder iets in of van iemand anders. Jy wat die kompliment ontvang moet dit waardeer; ontvang dit met 'n positiewe emosie.

Jy moet jou weerhou van leë, niksseggende komplimente. Deel jou komplimente spaarsaam uit en slegs wanneer iemand besonders mooi lyk of is, of goed presteer het. Mense kom gou agter as jy gewoonlik hol komplimente uitstrooi en een van die ergste gevolge kan wees dat hulle jou op alle vlakke begin wantrou in jou opregtheid.

As jy dan 'n kompliment ontvang, moet dit dan nie afmaak met, „Ag, die ou rok het ek al verlede jaar gemaak", nie. Oorbodige en onsjarmante uitlatings kanselleer die waarde van 'n eerlike kompliment. Ontvang 'n kompliment met grasie. Sê „dankie" en verander die onderwerp, is die raad van menige fyn dames.

Ons moet daarteen waak om ons nie by die groot massa Suid-Afrikaanse vroue aan te sluit, wat beslis nie weet hoe om 'n kompliment te ontvang nie.






# SPOORSNYERHARTE

„HOE moet 'n vrou se hart wees om mooi te wees?"

Kalimbo, die ou Bantoespoorsnyer in die jagveld van Afrika het geantwoord:

„Om mooi te wees, moet die hart van die vrou drie dinge wees: Dit moet altyd wees soos die gras wat deur die diere afgevreet word, maar altyd weer groei. G'n seer moet dit doodmaak nie.

„Dit moet wees soos 'n fontein wat deur die diere vuil getrap word, maar daarna altyd weer helder word. Geen man moet sy modderspore daarin agterlaat nie.

„Dit moet wees soos die rooidag, wat elke more die donker nag oorwin. Geen swaarkry moet dit kan doodkry nie."

Uit: Waar ver winde waai, deur P. J. Schoeman.

# WAARHEEN GAAN DIT ALLES . . . ?

*If you sing*
*of beauty*
*though alone in*
*the heart*
*of the desert,*
*you will*
*have an audience.*
*— Gibran.*



# EKSAMEN-STERKTE

**OM 'n Puk te wees is lekker, lekker as die akkerbome kaal gestroop is en lekker as hulle vol in die blaar is. Maar helaas, die blare moet ook verkleur en val voordat die bome sonder 'n enkele blaar is en die bome moet ook weer bot. Dit is in hierdie tussenintye van die akkerbome dat die Potjiestroomse studente noustrop begin trek voor die boeke en swaar gebuk gaan onder die donker wolke van die akademiese storm. Die redaksie van Aster wens hiermee almal sterkte toe vir die eksamen en toetse op hande. Een van die mooi dae is dit weer Intervarsity en dan kap ons dit weer uit.**

# OM SWART TE SMEER 'N "AANGENAME TYDVERDRYF"

**PUKKE, wie van ons is nie lief om te kritiseer nie — of laat ons dit maar erken — om te blameer, om swart te smeer, en uitmekaar te trek dit wat nie na ons sin is nie.**

Ja ons is lief daarvoor — dis 'n aangename tydverdryf. Soms selfs 'n stokperdjie — by ander kan dit byna 'n lewenswyse word. Sommiges sal sê: „Om studente te wees is om beswaar te maak", of ander: „Jy moet krities wees — dit is student wees" — teen alles en almal.

Nou-ja, wat is fout daarmee? Dis eenvoudig uiting gee aan 'n mens se griewe — dis 'n handige stok om mee te slaan — hoe harder jy kwes hoe beter — veral nog as dit 'n spesifieke persoon is. Dit gee eintlik nog meer bevrediging as ons kritiek persoonlik is — op een mens gemik is.

Toegepas op ons situasie: As ons die Puk voor stok wil kry en kritiseer — nou-ja, dan is die beste persoon om by te kom, die Rektor: Verkieslik hy as persoon, as mens.

Mik ons ons kettie met hael na die S.R. — dan moet dit die voorsitter tref — sommige haelkorrels kan maar die ander S.R.-lede ook tref — solank dit net 'n raakskoot is wat seermaak.

Wil ons ons „kritieksweep" klap n.a.v. 'n karnaval wat so swak of so „power" was, dan: wie kry die klap? — natuurlik die Karnavalkomitee. Maar, let wel — eintlik die voorsitter — dit mos sy „skuld".

Ja, Pukke, so maak ons. Ons konsentreer daarop. Ons teer amper daarop. Ons is bobaaskritici. Meesters in die kuns om mense „af te kraak".

Ag, nou goed, ek preek nie. Ek wil jou nie skaam maak nie. Ek wil jou nie skaam maak nie. Ek wil jou — en daaroor sal jy verbaas wees —ek wil jou eintlik prys, op die skouer klop. Natuurlik moet ons krities wees. Natuurlik moet ons mense krities dophou en bespreek. Dit ons plig, ons dure taak.

Maar ho? Is dit net „afkraak", swartsmeer, blameer, ontmasker, voor stok kry? Nee, ek dink ons slaan die bal hier baie ver mis. Kom ons besin 'n bietjie oor ons kritiek.

Ons vra: Wat is kritiek? Wat beteken die woord „kritiek" of „kritiseer"? As ons 'n bietjie grawe, dan sê die Griekse woordeboek „kritiseer" kom van die Grieks „krino". Dit beteken: om te skei ,te onderskei, te beoordeel, te toets, te bevraagteken.

Daarom Pukke, moet ons kritiseer — ernstig ook. Die Bybel sê ons moet soos volg doen: E Thess. 5 : 21 — „Beproef alle dinge" — ons kan ook sê: „Kritiseer alle dinge" — toets alle dinge, beoordeel, onderskei. Maar weer vra ek. hoe? Nou-ja, ons is mense. Liewe goeie mense en ons is op hierdie punt almal eenders. Ons is streng beoordelaars, kritici van ander mense. Daar sit groot plesier daarin om ander te bespreek, te ondersoek. Ons is noulettend, skerpsinnig. Ons is almal geprikkel met die begeerte om die gebreke van ander te ondersoek. Ons is lief vir „agterklap" — soos die Nederlanders sê.

Wat is die gevolg hiervan? (En dit tref mens ook by ons almal aan). Dit gaan hand-aan-hand met bogenoemde. Dis 'n oorsaak en 'n gevolg. Dit is: ons vergeet onsself. Ons pleit onskuldig. Ons is uiters toegeeflik en verdraagsaam teenoor ons eie foute, swakhede en gebreke. Ons huigel — ons kritiek op ander is dikwels ook 'n vrybrief om self „mal te gaan".

Kom Pukke, kom ons wend 'n „brawe" poging aan om goeie kritici te wees. Skerpsinnig, regverdig, volwasse — en die eerste plek teenoor onsself, dan teenoor ander.

Hier kan die Bybel ons weer help. Matt. 7 : 1 sê: „Moenie oordeel nie sodat jy nie geoordeel word nie". Christus bedoel daarmee: kritiseer, beoordeel, toets, ontleed — maar eers jouself. Hier word 'n tweërlei kwaad ontbloot: 'n te groot noulettendheid, wat uit gebrek aan liefde ontstaan — om die foute en sondes van ons medemens na te speur en: 'n groot toegeeflikheid teenoor ons eie swakhede en gebreke.

Daarom Pukke: kritiseer met mening — kritiseer skerp, maar onthou: Wie kritiser en oordeel in ooreenstemming met die Woord, en sy kritiek in ooreenstemming met die Wet van die liefde vorm, sal eers op hom self moet ag slaan. Ons moet dan ook altyd in ons kritiek op mekaar, in ag neem — Hy is die enigste Wetgewer, Regter, Beoordelaar en Kritikus was werklik in die hart kan sien.

Kom ons probeer ons kritiek alleen en uitsluitlik doen onder hierdie besef.

# Vernuwe die stelsel asb.

Albert de Beer

**KAN ons as gewone Puk-studente nie nou maar 'n verteenwoordigende Studenteraad kry nie? Ek dink dat dit beslis tyd geword het dat ons as gewone studente nou ook ons sê op die Kampus kan sê.**

Ek wil graag die volgende voorstelle aan die hand doen sonder om negatief te wees:

1. Gee aan ons as Pukke 'n verteenwoordigende Studenteraad waar elkeen van ons kan stem sodat ons sal voel dat ons werklik deel het aan die aksies wat die SR aanbied. Die verteenwoordiging wat die sogenaamde Koshuisverteenwoordigende Hoofliggame tot gevolg gehad het, het misluk omdat ons mense nog nie daarop is nie en omdat, en ek glo dit, daar nog geen konstruktiewe voorstelle van hulle gekom het nie. Dit is nie hulle fout nie — hulle moet tog myns insiens in die SR-gebaande weë loop en werk.

2. Verlede jaar, 1974, het maar sowat 700 Pukke van 'n massa van 5 000 plus gestem wat beteken dat die Studenteraad maar 700 mense op die Puk verteenwoordig. Dit is so 'n ietwat meer as 10 persent van die Puk. Nie al die 700 mense het eers vir die lede van die Raad gestem nie. Hierdie jaar sal die stemgeregtigdes nog minder wees omdat Massavergaderings nie aangebied is nie.

Die reël dat Massavergaderings op Ad Hoc-basis aangebied word (soos deur die SR besluit) gaan nie af nie omdat die student wanneer hulle griewe het dit sal bywoon — vergelyk die vergadering verlede jaar toe die Rektor ook teenwoordig was — maar nou vra ek u; gebeur daar ooit iets met die student se griewe. Dankie aan Korps wat ons darem by een van hulle aksies oor lang hare laat praat het.

3. Die idee van Hoofliggame is baie goed en moet bly maar ook dit moet verteenwoordigend geskied. Dit sal beteken dat die Puk-massa nou hulle mense kan instem en dat die dae van Koöptasie verby is.

4. Verstaan my mooi — ek wil nie persoonlike griewe teen die SR lug nie. Ek is seker dat daar ook Studenteraadslede is wat met my saamstem en wat die massa se saak wil dien.

5. Die stelsel van verteenwoordiging hou vir my in dat daar nou weer nuwe bloed in die SR sal kom en dat al die leierskap op die kampus nie net op een persoon sal neerkom nie of op 'n paar nie. Die stelsel blyk ook bevredigend te wees as ons na ander kampusse met 'n soortgelyke stelsel kyk.


6. So 'n Studenteraad kan dan ook 'n bietjie ingaan op die behoeftes van die student. Ons word heeldag beskuldig van onbetrokkenheid maar is ons werklik so onbetrokke as ons die aksies wat aan ons gebied word so beskou. Moet ons as moderne student nog gebind word aan aksies wat ons ouers (ek sê dit in die grootste respek) beoefen het. Het dit nie tyd geword dat ons alles in perspektief begin sien nie en bietjie met nuwe idees kom wat meer by ons as moderne student pas nie?

Waaraan het Cinepuk sy sukses te danke? Cinepuk betrek op die oomblik meer mense met aksies as wat al die hoofliggame van die SR saam betrek. Hiermee sonder ons karnaval uit wat hierdie jaar met sy veranderde aksies meer mense as ooit tevore betrek het.

Die moderne student stel nie belang in 'n uitwaartse beleid nie — die moet daar wees — maar hulle wil iets hê wat hulle aan hulle lyf kan voel.

Ek verwys u ook na 'n POPS-omsendbrief, genommer 75/1 wat vir my werklik baie om die lyf het. Iets wat vir my mooi is daarin is die woorde: „POPS is 'n organisasie gestig deur en vir studente".

Studenteraadslede — kan ons nie so 'n Studenteraad kry nie?



Montium het onlangs 'n rotsklimoefening teen Karlien gehou. Hier kan gesien word hoe dié potensiële rotsklimmer tussen hemel en aarde hang. (Foto: Fotokuns.)

# EKONOMIE KONGRES

AIESEC, die Internasionale Vereeniging van Handel en Ekonomie-studente, hou vanjaar weer 'n kongres op Stellenbosch oor aktuele en uiters belangrike onderwerp, naamlik Interafhanklikheid. Dit is die ekonomiese interafhanklikheid tussen lande in Suider- en Ekatoriaal-Afrika. Lande hierby betrokke is Suid-Afrika, Zambië, Lesotho, Botswana, Malawi, Mauritius, Zaire, Swasiland, Angola, Mocambique en Rhodesië.

Deskundiges in hul verskillende gebiede is genooi om referate te lewer.

★ *Vervolg van bladsy 1*

Kleurlinge en Indiërs.

„Die Kleurling en die Indiër het nie die Swartman se etniese verbintenisse nie. Ook nie sy eie grondgebied nie. Albei is minderheidsgroepe vir wie se aanwesigheid in Suid-Afrika, die Blanke verantwoordelik is. Die Blankes het dus 'n verantwoordelikheid jeens hierdie mense", het mnr. Gerdener gesê.

**TWEESTROOM**

Mnr. Gerdener het ook gesê dat sy tweestroombeleid die mees aanvaarbaarste in Suid-Afrika is. Dié beleid behels dat die Bantoes in die Tuislande en stedelike stadstate soewereine onafhanklikheid sal kry, en dat die Blankes, Kleurlinge en Indiërs saam in 'n afsonderlike politieke eenheid gelyke politieke regte sal geniet.

Mnr. Gerdener meen ook dat die magsbalans in Suid-Afrika deur die tweestroombeleid verseker sal word. Die implikasies van dié beleid is dat Suid-Afrika in drie magsblokke verdeel word, naamlik die Blankes, Kleurlinge en Indiërs; die stedelike Bantoes; die Tuislande.

# Burgers van die berge

**VOLGENS verslae wat uit betroubare bronne ontvang is, het Montium se Giants Castle „uitstappie" hoogs suksesvol afgeloop.**

Toerpa Bingo Kruger, pa van die 31 siele, het die eerste oggend nie te lekker gevoel nie — die stap was te kwaai. Die groep het toe by Bannerman's Pass gerus.

STEUNEND

Die volgende oggend het die groep vir vier taai en harde ure teen dié pas uitgesukkel — glo 'n volle 2 000 voet, dié pas. Bo het die wind die bergklimmers byna weer ondertoe gewaai.

HOOG

Dié aand het die groep in die Njesoetigrot, sowat 11 000 voet bo seespieël, geslaap. Dié nag het dit ook geysreën. Dit was ook 'n koue en harde nag.

Die groep het toe weer na die toerma en toerpa waar hulle kamp opgeslaan het, teruggeklim.

Die ou hande sê dankie aan al die aftjoppers en klimmers — en die kosma's. Toppunt van die toerspyskaart was die tradisionele katkoppe wat op die terugpad verslind is. Dit is nou halwe brode met slap tjips binne-in — met tamatiesous en mostert daarby.

UITSLEEP



VIR AL U ETES BINNE SLEEPAFSTAND

EN VIR GESELLIGE VERKEER SAAM MET JOU MEISIE EN VRIENDE

—WP.

die WAPAD

# POPS?

**POPS — wat is dit? 'n Ondergrondse organisasie wat onrus of Rewolusie op die kampus wil stook? Of, is dit 'n organisasie wat opreg vir die basiese studentebelange wil veg?**

**Wat Pops in sy vlugskrif uit die oog verloor het, is dat daar 'n hemelsbreë verskil tussen die gesagsinstelling van 'n universiteit en dié van 'n ander samelewingsverband, bv. die staat, is.**

**Die politieke burger van die staat het reg om te kla en vir sekere politieke regte te veg — of om die bestaande politieke opset te verander. Hier gaan dit dus om politieke mag. Maar, met die student is dit anders. Hy moet hom van die universiteit se reëls en gees vergewis alvorens hy aan die universiteit inskryf. As hy hom nie wil onderwerp nie, moet hy na 'n ander universiteit wat by sy eie gees pas, gaan.**

**Die student aan die universiteit moet hom absoluut aan die reëls van die universiteit onderwerp en by die oortreding (dit is menslik) moet die student ook die tug aanvaar.**


**Die student móét egter die reg hê om te vra vir die konsekwente toepassing van reëls.**

# VERTEENWOORDIGEND

**Die Wapad merk ook in die laaste tyd 'n noodkreet by sommige Pukke vir 'n verteenwoordigende Studenteraad op. Daar word ook lekker met statistieke gegoël — net 900 Pukke uit meer as 5 000 het verlede jaar vir die huidige Studenteraad gestem.**

**Nou kan mens net die vraag vra: As daar van die massa ten opsigte van die Studenteraad gepraat word, beteken massa dan die 900 uitgebragte stemme of beteken dit die meer as 5 000 studente op die Puk?**

# *ONTSPANNE PUKGEES*



deur my lens

**KAN ons werklik die gebeure tydens die afgelope paar weke as rewolusie beskou? Hierteenoor antwoord ek onteenseglik, nee.**

Myns insiens is dit 'n verkeerde begrip wat aan die huidige omstandighede toegedig word. 'n Rewolusie is immers die omverwerping van die bestaande wat gewoonlik met geweld gepaard gaan.

My gevolg trekking is dat studente op ons kampus nie in die minste belangstel om enige mag te verkry om hulle in staat te stel om bv. op 'n fakulteitsraad of selfs die Raad van die Universiteit te dien nie.

**KORPS.**

Dit het die besprekings wat deur Korps gereël is, onteenseglik bewys. Wat my egter opgeval het, is die dringende behoefte wat die student aanvoel om oor sake van algemene belang te debatteer.

Gesien in die lig van die snel groeiende getalle aan die Puk, het dit duidelik na vore getree. Gepaard hiermee moet die behoeftes van die groeiende massa in aanmerking geneem word.

**VERSOEK**

Indien daar met 'n versoek na die owerheid gegaan word, is dit as gevolg van 'n dringende behoefte wat aangevoel word. Belangrik is die begrip dat die behoefte nou sterker as tien jaar gelede na vore tree. In dieselfde asem moet ek sê dat daar beslis nie aan alles voldoen kan en moet word nie.

**AKADEMIES**

Dat d'e Universiteit primêr 'n akademiese inrigting is, is gewis. Hier het die student egter ook die geleentheid om hom vir die toekoms en die verantwoordelikheid wat op hom wag, voor te berei. Ons beskik nie altyd oor die verantwoordelikheidsin wat van ons verwag word nie, maar, en dit vra ek in alle beskeidenheid; word ons nie van die kweek van hierdie verantwoordelikheidsin in 'n sekere mate ontroof nie?

**ONTSPANNE**

Bestaan daar nie op hierdie stadium 'n behoefte tot 'n meer ontspanne atmosfeer tussen student en owerheid nie?

As massa beskik ons oor 'n studenteraad wat namens die student by wyse van 'n voorsitter 'n saak met die owerheid kan opneem. Soms lei dit dan op hoë vlak skipbreuk. As die sake ter tafel op 'n meer soepeler wyse hanteer word, kan dit 'n antwoord bied tot die soms antagonistiese houding wat daar teenoor die owerheid bestaan.

Doen weg met die idee van rewolusie en bou eerder die geleentheid en wyse van kontak uit. (REFLEKTOR).

# IN U LIG

*„Moenie oor My ween nie" Luk. 23, 28.*

*Jesus Christus wys die trane van die Jerusalemse vroue af. Waarom?*

*Omdat daar 'n uitnemender weg is. Kyk, Jesus Christus wil nie beween word nie, want Hy is nie martelaar nie, maar Hy moet aanbid word, want Hy is Middelaar.*

*Ek kan my oë uithuil, maar as ek nie meesterf aan die kruis om saam met Christus op te staan nie, as ek huil maar more weer die sonde doen — doen ek dieselfde as die vroue, gevoelstrane.*

*Jesus Christus moet aanbid word, want Hy is Middelaar!*

## Platsaktoer na Europa

Kontak prof. G. N. van den Bergh.

Geskiedenisdepartement

Frans du Toit

—WP

# TWEESTROOM VAN DIE D.P.

**HIER volg die amptelike tweestroombeleid van die Demokratiese Party soos deur die Demokratiese Party (DP) self weergegee:**

**KLEURLINGE EN ASIËRS**

As nog die vierstroombeleid (van die Nasionale Party) nóg die eenstroombeleid (van die Progressiewe Party) kan slaag, glo die DP dat die beste oplossing in die skepping van 'n katalisator geleë is:

★ Dit kan slegs geskied deur 'n tweestroombeleid te formuleer waardeur Kleurlinge en Asiërs geleidelik staatkundig en ekonomies by die Blanke gemeenskap ingeskakel word, al duur dit 'n dekade of meer.

Maatskaplike en biologiese integrasie is hoogs onwaarskynlik. Elke groep het reeds tot 'n groot mate 'n identiteit van sy eie ontwikkel.

Die inskakeling van Kleurlinge en Asiërs by die Blanke groep kan hoegenaamd nie as diskriminasie teen die Bantoe beskou word nie. In die geval tuislande en stedelike gebiede glo die DP dat volkome soewereine state geskep moet word waarin die Bantoe al die basiese regte verkry wat die Blanke, Kleuriing en Asiër in die „Wit" staat geniet.

Hieruit volg dat Suid-Afrika uiteindelik uit 'n aantal gelyke onafhanklike state bestaan. Dat hulle onderling en met die buitewêreld as gelykwaardige state onderhandel. Dat die „verdeling" nie langer op kleur nie, maar op etniese oorweginge berus en dan slegs in staatkundige verband — iets wat algemeen aanvaar word as logies en nie-diskriminerend.

**TUISLAND- EN STADSTATE**

Die beleid van die DP in hierdie verband is die volgende:

★ Die bestaande landelike tuislande moet behoorlik gekonsolideer en in groter fisiese entiteite ontwikkel word;

★ 'n Doelgerigte poging moet aangewend word om die tuislande tot ekonomiese lewensvatbaarheid te help ontwikkel. Stedelike groeipunte binne hierdie state moet ontwikkel word nadat die noodsaaklike infrastrukture tot stand gebring is wat moderne fasiliteite en hoër lewenstandaarde voorsien;

★ Genoegsame grond moet aan die stedelike Bantoe beskikbaar gestel en voldoende ontwikkel word ten einde hom in staat te stel om aanliggend aan bestaande stede sy eie staatkundige tuiste te bekom;

★ Staatkundig, administratief en geografies kan sulke gebiede onafhanklik word, soos Lesotho, dog hulle sal 'n ekonomiese interafhanklike eenheid met die bestaande stede vorm solank as wat nodig mag blyk.

**GEMENEBES**

Tans het Suid-Afrika 'n uniale staatsvorm. Die daarstelling van onafhanklike state mag lei tot 'n federale staatsvorm of 'n Gemenebes van Nasiestate.

'n Gemenebes word as verreweg die geskikste konstitusionele patroon vir Suid-Afrika beskou indien 'n aantal onafhanklike nasiestate in ooreenstemming met die tweestroombeleid tot stand kom.

**VOORDELE**

★ Geen lidstaat kan deur 'n ander lidstaat of groep van lidstate ondergeploeg word nie — politieke aangeleenthede bly 'n staat se uitsluitlike prerogatief.

★ Geen lidstaat het gelyke regte en onderhandel op 'n grondslag van gelykheid.

★ Die gemenebes se sterkte en doeltreffendheid word bepaal deur dié van elke lidstaat.

★ Lidstate kan en sal normaalweg saamwerk — op ekonomiese, tegniese, administratiewe en landboukundige terrein. Bepaalde lidstate kan vir spesifieke projekte saamgevoeg word waaruit die Gemenebes as geheel voordeel trek. Dit kan ook ten opsigte van verdediging gedoen word.

(Hierdie is die DP se eie en subjektiewe weergawe van sy beleid. Pukke word gevra om kritiek op dié beleid te lewer — Red.).

# Mao, Guevara en Giap

**DIE GRONDLEGGERS VAN REWOLUSIONÊRE OORLOGVOERING, deur mnr. H. R. Lass, navorser in strategiese studies by die Sentrum vir Internasionale Politiek, P.U. vir C.H.O. Studenteprys: R2,00. Bladsye: 175.**

**Hierdie is die eerste werk in sy soort in Suid-Afrika en behandel Mao Tse-tung, Vo Nguyen Giap en Ché Guevara as die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering.**

**Mnr. Lass, 'n deskundige op die gebied van strategiese studies, het sy studie op die oorspronklike werke van die groot meesters (in Engelse vertaling) gebaseer. Dit blyk duidelik uit die bronneverwysings.**

**Die boek vertel van Mao se stryd in China en die metodes wat hy gebruik het om oorwinning te behaal.**

**Mens kry ook 'n kykie in die stryd van Vo Nguyen Giap in Viëtnam en die uiteindelike oorwinning oor die Franse by Dien Bien Phu.**

**Laastens word die bydrae van Ché Guevara tot die teorie van rewolusionêre oorlogvoering behandel. Ché bly vandag nog aktueel en baie studenterewolusionêres oorsee aanbid hom nog.**

**Dié boek kan by die Sentrum vir Internasionale Politiek, Hoffmanstraat 4 (langs Dramakunde) gekoop word.**

## Karnaval '75 ... herdenking

*Dié karnaval het platgeval*
*Nou spoeg die mense gal*
*Ander poog dit goed te praat*
*Met hulle is daar net geen raad.*

*Toe Tank se wiele (note) oor ons rol*
*Was die ouens al mooi keel vol*
*Dis glad nie in die gros se smaak*
*Wat moet hul met die kakafonie maak?*

*In kamers is dit aan die gons*
*Ja, alles is nou opgedons!*
*Word verbied om te ontvoer*
*Wat sal nou die gees tog roer?*

*Ook wil ek graag vra, maar*
*Wat is die plig van die eerstejaar*
*Met hierdie lekker groot-groot fees*
*Met sy moeg verslane gees?*

*Die Pukkies is so goed verkoop*
*Het geen eerstejaar daarmee sien loop*
*Die Potchefstromers wat weeksdae gaan vir inkopies*
*Is dus met goeie rede vies*

*Vra my tog nie wat ek nou dink*
*Die wysie begin al hol te klink . . .*

*— Uiloog.*



Madelein van Biljon open Karnaval '75 amptelik. (Foto: Fotokuns.)

# AFSLAG, SUIDWESTERS, HARE EN KLERE, STOF, KOEPONS EN C.H.O.

**DIE volgende besluite is geneem op die SR-vergadering van Maandag 26 Mei 1975:**

A Dat:

1. Mnr. J. M. van Wyk aangewys word as Karnavalvoorsitter vir 1976.

2. ADB die saak van 'n ASB-studente-afslagkaart so spoedig moontlik sal realiseer — hierdeur kan Puk-studente afslag kry by besighede in Potchefstroom.

3. Mnre. J. Robbertse en F. Harman ondersoek instel en op die volgende vergadering verslag doen oor die moontlikheid dat studente wat in Suidwes-Afrika woonagtig is, hulle hereksamens in Windhoek aflê.

4. Die moontlikheid ondersoek word van gereelde kontak deur die hele studenteraad met die rektor, waar daar op informele wyse met hom gesels kan word oor sake van belang.

5a. Die sekretaris die moontlikheid ondersoek om die volgende Studenteraadsvergadering in 1) die senaatsaal of 2) die Totiussaal te laat plaasvind.

5b. Indien bg. moontlik is, alle Studenteraadslede en koshuise (ook Dorp) sewe (7) dae voor die vergadering daarvan in kennis gestel sal word deur die sekretaris.

B. Die mosie wat op die vorige studenteraadsvergadering i.v.m. hare en kleredragreëls (gepubliseer in Wapad Vrydag 6 Mei 1975) sal op die volgende vergadering afgehandel word. Die kommissie gaan nog op die feite van die saak in. Die studenteraadsvoorsitter sal dan die feite aan die rektor voorlê. Die Studenteraad is van mening dat indien hierdie reëls nie konsekwent toegepas word deur die owerheid nie dit afgeskaf moet word.

6. Die studenteraadsvoorsitter rapporteer die volgende sake wat deur die massa versoek is en met die rektor opgeneem is:

1. Die haglike toestande van die terrein oorkant die spoor is gerapporteer — die universiteitsowerheid eis van hierdie week af volgens ooreenkoms boetes van etlike honderde rande per dag van die kontrakteurs omdat die program nie op datum is nie.

2. Die lawaai tydens die eksamentyd deur die bouers is 'n probleem vanweë die feit dat die bouersvakansie die 15e Desember begin (en die bouers nie bereid is om hul werk vir 'n maand op te skort nie). Daar sal egter gepoog word om onnodige lawaai uit te skakel.

3. 'n Groot getal studente gebruik nie al die etes in die koshuise nie — die owerheid is versoek om 'n koeponstelsel daar te stel met etes — omdat dit vanweë ekonomiese redes nie moontlik is nie om in die reeds bestaande koshuise die stelsel in te voer nie word daar nou nuwe koshuise beplan wat nie etes gaan voorsien nie. Die studente wat hierdie koshuise verkies (net kamers word betaal), sal dan in die nuwe kafeteria etes kan bestel — voldoende geriewe sal daar gestel word.

4. 'n Aantal versoeke is aan die rektor gerig na aanleiding van 'n ondersoek na die beoefening van Christelike wetenskap — al die versoeke is toegestaan o.a. dat:

1) Handleidings met toepasbare riglyne vir Christelike wetenskapsbeoefening in elke Departement opgestel sal word deur bevoegde persone uit elke Departement onder leiding van een persoon.

2) dat alle dosente die praktiese toepassing van die handleiding wat op sy vakgebied van toepassing is, met studente as deel van die leerplan sal behandel.

3) Hierdie handleiding ook deur PU-studente by hulle lessenaars en in klassituasies in hulle vakwetenskapsbeoefening gebruik sal kan word.

## PLATSAKTOER VIR PUK SE KERKMUISE

DIE sukses wat ons met vorige toere behaal het, bevestig dat die Europese toer vir Platsakstudente aan besondere behoeftes voldoen, het prof. G. N. van den Bergh, organiseerder van die toer aan die Wapad gesê.

Die toer beoog nie net 'n besigtigingstoer deur Europa nie, dit probeer ook om die belangstellingsgebied van die Afrikaanse student voorop te stel.

Die koste van die toer beloop R975 vir 39 dae in Europa. Daar is ook 90 persent-lenings teen 'n maandelikse paaiement van R38,50 beskikbaar. Kontak prof. Van den Bergh in die Frans du Toitgebou.

## OMSTANDIGHEDE VAN DIE INGENIEURSWESE

UIT die voedingsbron, wat die basiese wetenskappe is, word die beginsels gekry, terwyl die daaglikse probleme die dryfveer vir die ingenieur is om iets daarvan te maak. Die omvang van sy werk het so toegeneem dat hy self 'n navorsingsveld het, het prof. W. J. Taute tydens sy inougurele rede gesê.

Die omstandighede in Suid-Afrika word gestel. Daar is groot uitbreidings maar te min ingenieurs, tegnici en ambagsmanne ofskoon daar jaarliks 700 ingenieurs deur ons universiteite gelewer word.

In die opleiding is heelwat basiese kursusse nodig maar ook nie-tegniese kursusse oor bv. die beginsels van ekonomie en sielkunde word geneem. 'n Buigbaarheid om verskillende talente te ontwikkel word verkry deur keusekursusse. By dit alles moet die regte instelling soos 'n gewillige verstand, verantwoordelikheid en selfstandigheid sover as moontlik ontwikkel word gedurende die opleidingsperiode.

'n Ingenieur se opleiding word in die praktyk voortgesit maar een-derde van die graduandi behoort na-graadse studie te doen (deeltyds of voltyds).

## KLEURLINGE OP P.U.-KAMPUS?

(CECILIA LOUW)

**OP 'n vergadering in Promosa op 12 Mei 1975 is die probleem van die moontlikheid van Kleurlinge op die P.U.-kampus aangeraak. Die vergadering is deur Korps en Prompu op versoek van Kleurlingleiers gereël.**

**Dié terloopse vraag is deur mnr. John Douw, leier van die Kleurlingverteenwoordigers gevra om die bal aan die rol te sit.**

**BETER LEER KEN**

**Die doel van die vergaderings is dat die Kleurlinge en Afrikaanssprekende blankes mekaar beter leer ken.**

**KLEURLINGE**

**Op die volgende vergadering, wat op 18 Junie 1975 gehou word, sal KLEURVERHOUDINGE ter sprake kom.**

**Mense wat belangstel om aan die besprekings deel te neem, kan hulle naam, adres en telefoonnommer op 'n stukkie papier in bussie 40 by die S.R.-kantoor gooi of met mnr. Pieter Odendaal (Makouvlei) in aanraking kom.**

# Etulo (Paul) antwoord op Vyfminute

Paul Kruger

**NA ongeveer 'n maand het die stof nog nie gaan lê nie. Dit lyk of die Pukke nog na skoene soek wat pas. Ek verwys nou na die Studiekring se Vyfminute wat 'n analise van drie groepe op die Puk gemaak het.**

Elders het ek 'n verklaring gemaak oor die doel en opset van die vlugskrif. Hierin het ek as KVV-voorsitter die KVV-hoofbestuur geken, sodat dit as KVV-standpunt geld.

In persoonlike hoedanigheid is ek as skrywer dit egter ook verskuldig om my standpunt te stel oor die drie groepe.

**VERANTWOORDELIK**

Uit die bestaan van al drie faksies is iets te leer.

Ek verwerp die „teen-die-Puk"-groep omdat dit rewolusie voorstaan wat ons Alma Mater, sy gesaginstansies en alles waarvoor hy staan in beginsel wil afbreek. En tog . . . as 'n student ontevrede is, is dit dikwels ontevredenheid terwille van ontevredenheid wat net op die oog af op rewolusie lyk, maar eintlik niks meer as bravado is nie.

**TEVREDE**

Ek verwerp die „tevrede-met-die-Puk"-groep in soverre hulle vol is van hulle eie prestasies sonder nederigheid en dankbaarheid teenoor God wat ons nog 'n christelike universiteit gun. Tog is almal wat tevrede is met die Puk nie blasé nie, maar is daar 'n oorheersende groep onkundige meelopers wat tevrede is omdat hulle toe oë deur die lewe gaan.

Ek verwerp die „bekommerd-oor-die-Puk"-groep in soverre hulle die Puk uit die hoogte betrag asof hulle engeltjies is en die Puk 'n duiweltjie-fabriek. Ek verwerp dus die beterweterige hoogmoediges. Al-les is tog nie op die afdraande pad nie! En tog . . . dat daar 'n groot aantal mense op die Puk is wat opreg bekommerd is, kan nie ontken word nie.

**UITBOUERS**

Ons kan lag oor elke groep — veral as ons onsself ook daarin herken. Ons moet egter ook ernstig kennis neem van hulle bestaan en rede van hulle bestaan. Waar staan ons dan? Te midde van die drie groepe is daar plek vir verantwoordelike indiwidue, uitbouers. Dié mense berus nie by die status que nie, maar doen in vertroue iets om dit te verbeter. Dan verdwyn bekommernis ook.

**ANONIMITEIT**

Die vyf minute was bedoel as 'n prikkel om te besin oor ons eie kampus, om die geldigheid van die driedeling te bespreek en om die waarheid van elke groep se lukraakstellings te weeg. In die proses was die Korps nie skaam om sy naam aan die stuk te koppel nie en die skrywer se naam is op aanvraag verstrek.

Ek wil my daarenteen uitspreek teen die klipgooiery vanuit 'n beveiligde naamloosheid waaraan POPS hom skuldig maak. Die ráák dinge, veral in hulle tweede vlugskrif (die eersie een wat ek som baie rewolusionêr), sal meer tot hulle reg kom as die persoon/persone uitkom. Hulle het niks om weg te steek nie — of het hulle? Ek self moes verantwoording doen voor die rektor oor my uitlatings in Vyfminute en is nie armer daardeur nie. Wedersyds het dit eerder tot beter begrip gelei.

— Paul Krüger, alias Etulo.

**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

**Standard Bank**

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

LINTAS SB/11737/202/A



Mnr. Barend Grobbelaar help Johan Venter om sy beeld af te rond.

Abraham Coetzee, derde jaar student in beeldhoukuns, besig om 'n beeld van hout te voltooi.

Foto's Sam Basch

# DIE STILLE WERKER

IN die stilligheid werk hierdie mense. Ons sien hulle nie; ons ken hulle nie; ons weet nie wat hulle maak nie.

Vier jaar gelede het die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste in die ou Haak-en-Steek koshuis begin arbei. Aan die einde van elke jaar is 'n uitstalling van die werk van daardie jaar gehou, maar hoeveel van ons het selfs net daardie één keer gaan kyk.


Benewens die teoretiese klasse, sien die studente hoe 'n kunswerk onder hul eie hande vorm aanneem. Saam daarmee groei binne elkeen die wete dat hy of sy 'n kunstenaar in eie reg word. Hy kry die genoegdoening in sy werk wat elke kunstenaar se grootste beloning is.



BO: Mnr. Barend Grobbelaar, die kunstenaar, wat sy talent en kennis gebruik om sy student in die beeldhoukuns te help ontplooi as ware kunstenaar.

LINKS: Anneline Oosthuizen vyl 'n stukkie metaal vir 'n beeld.

ONDER: Die dame in die derde jaar klas in beeldhoukuns, Anneline Oosthuizen, verstel die vlam van die suurstof-asetilen apparaat voor sy begin werk aan 'n beeld in metaal. „A man's world?"










# Duikwegskildery

Penny Krog

**DIE spanning bou op! Wat gaan die massa se kommentaar hierdie keer wees op die „skepping" van die kunsstudente in die „tonnel"? (Soos my ma altyd sê.)**

Al wat ons kunsouens kan sê is dat dit 'n groot fees was, en dat omstanders ons seker beny het. Want elkeen van ons het iets gedoen al was dit net om Len Lindeque se wurmpie te verf.

Die tweedejaars, wat vir die vermaaklikheid van die aand gesorg het, het selfs die SA UK se simfonie-orkes opdraande gegee al was die „akoestiek" van die tonnel nou nie van die beste nie; nie eens te praat van die ballet nie.

Nadat elkeen 'n kwashaal geverf het, het ons almal reikhalsend uitgesien na die pannekoek wat die eerstejaars gebak het.

Die volgende môre het ons al die dosente gemassa om dankie te sê vir hulle teenwoordigheid gedurende die aand. Want ek kan glo heelparty se agterstewes was maar seer van die afglyers by die trappe.

Maar tog dink ek dat die wit blok langsaan heel esteties verantwoord is, om die afronding te gee vir die wonderlike vrou! Of wat sê julle?

## CINEPUK


CINEPUK se program vir die res van die kwartaal is as volg:

30 Mei — 7.30 nm. — BEAUTIFUL PEOPLE
6 Junie — 7.30 nm. — THE WAY WE WERE
13 Junie — 7.30 nm. — MAGNUM FORCE
20 Junie — 7.30 nm. — THE VICTORS

Indien moontlik sal wysigings op hierdie blad aangekondig word.

## VERLANG TERUG

Radiokommunikasie met die Republiek vanuit die hoofbasis in Antartika, Sanae.



# STORMS IN ANTARKTIKA KRY PUK NIE ONDER

Elmarie Robbertse

**ONDER die groep wetenskaplikes wat vanjaar op 27 Februarie met die navorsingskip, die RSA, uit Antartika teruggekeer het, was 'n oud-Puk. Hy is Johan Smith (24), lid van die Vyftiende Suid-Afrikaanse Antarktiese Ekspedisie.**

Johan het opgewek vertel van sy wedervaringe in die land van ewige sneeu en ys. Volgens hom vind hy dit verskriklik moeilik om gewoond te raak aan die hitte hier, nadat hy vir 'n jaar lank in 'n temperatuur van soms minus 41 grade C gelewe het. Nadat hulle teruggekeer het kon hy vir die eerste ruk dit selde buite 'n skaduwee waag.

SLAAIBLARE

Al daardie wit sneeu het op die lang duur vir hulle te veel geword. Daarom was hulle eerste reaksie nadat hulle in Kaapstad aangekom het, om slaaiblare by die naaste groentewinkel te koop.

Hulle wou daardie groen kleur wat hulle so lank gemis het, eet en betas en bekyk om dit met al die sintuie gelyk te ervaar.

Johan het vertel van al die voorbereidings wat hulle vertrek op 5 Januarie 1974 voorafgegaan het. Dit het opleiding in elkeen se spesifieke wetenskaplike of logistiese program ingesluit, asook 'n fiksheid- en oorlewingskursus.

Baie aandag is aan die bestryding van brand gegee, omdat dit as die grootste enkele gevaar in Antarktika beskou word.

GEOLOOG

As geoloog was Johan lid van die veldspan. Hulle het spesiale mediese opleiding ontvang sodat hulle hul self kan help in krisistye wanneer hulle ver van die hoofbasis en die dokter daar is. Hulle moet ook weet hoe om op te tree in sneeustormtoestande, vriesbrand en witsigomstandighede.

Na 'n week op die see het hulle die eerste ysberge gesien vreemd-wit en strak in hul Transvaler-oë. Anderkant die Antarktiese sirkel het hulle pakys teëgekom. Dit is los plat ysskotse wat soms aanmekaar geys is om 'n stewige massa te vorm. By enkele geleenthede moes die RSA 'n waterweg oopstamp.

Alles het verder voorspoedig verloop en op 18 Januarie kon die RSA by die yshawe van Tottan Bukta vasmeer. Keiser en Adelie pikkewyne was die eerste lewende wesens om hulle te ontmoet.

'n Oornametydperk van ongeveer drie weke waarin die ou span die nuwelinge touwys gemaak het, het nou gevolg.

ONDER DIE SNEEU

Almal was op daardie stadium by die hoofbasis, SANAE. As gevolg van sneeu-akkumulasie is die hoofbasis onder die sneeuoppervlak, wat ongeveer sewe meter diep was. Binne is dit darem baie warm en gesellig en die mans probeer dit so huislik moontlik maak.

Sowat elke sewe tot agt jaar moet daar 'n nuwe basis gebou word. Die vragdruk as gevolg van die diepte van begrawing laat die dakbalke mettertyd meegee.

Nie lank na hulle aankoms het Johan saam met die veldspan van nege lede suidwaarts in die rigting van die berge vertrek.

Dit het hulle drie weke geneem om die 240 km tussen SANAE en die Grunahogna-veldbasis af te lê. Dit is ongeveer twaalf km per dag teen 'n ontsettende brandstofverbruik van 25 km per honderd liter diesel.

SNEEUSTORMS

Terwyl hulle besig met hulle kort voorwinterprogram in Geologie en Gletserkunde was, het temperature drasties begin daal, tot gemiddeld minus 25 grade C. Wind- en sneeustorms het gereeld begin voorkom.

Die hele duur van die donker en stagnante winter het hulle by die veldbasis gebly. Dit is 'n dubbelwand nylon tent met 'n halfsirkel boogdak, ses meter lank en vier meter breed.

MINUS ZERO


Teen die middel van Augustus is die geologiespan alleen verder tot by die poolplato te Neumayerskarvet. Hulle het daar navorsing oor die basale gesteentes van die kontinent gedoen. In die begin was die temperatuur minus 41 grade C. Johan sê hy sal daardie koue nooit vergeet nie!

MIDDERNAGSON

Gelukkig het dit daarna „somer" begin word, en hier teen 10 November het die son nie eers meer vir hulle ondergegaan nie: Johan was so bevoorreg om die beroemde middernagson te sien. Hy sê dat die son darem teen middernag 'n bietjie nader aan die horison sit.

Teen Kersfees was almal terug by die hoofbasis. Versoeke van die huis af en 'n tipies Suid-Afrikaanse Kerspyskaart het hulle wit dag bietjie kleur gegee.

Voor hulle hul kon kry was hul jaar in die vreemde om. Die groep met hul lang hare en ruie baarde moes na ons bruin land met sy hitte en son terugkeer. Tog meen Johan dat dit alles die moeite werd was. Dit was 'n aangename jaar vol nuwe ondervindinge en vreemde omstandighede.



Toerusting word van die R.S.A. afgelaai. Mens sien net ys.

# Klaery op die Puk is geskiedenis

Jelleke Wierenga

**„EN daar is glad niks nuuts onder die son nie". Hy het 'n punt daar beet, dié slim man Salomo.**

„As 'n mens deesdae by 'n eerstejaar verbystap en jy weet nie dat hy 'n eerstejaar is nie, sal jy noodsaaklikerwys aanneem die kêrel is ten minste sesde jaar. Al wat jou sekerheid omtrent sy eerstejaarskap gee, is die duidelike feit dat hy geen poging aanwend om te groet nie..." Só kla „Ouheer" omgekrap in die jaar 1951.

**ONTGROENING**

Het julle geweet dat ontgroening al in 1948 verbied is? Hou dit tog net stil. „Volgens die Jaarboek van die P.U.K. vir C.H.O. is ontgroening hier verbied. Dit is waar, en alhoewel sommige mense van mening is dat die kat in die donker geknyp word, is hulle heeltemal verkeerd". Kostelik. Dit komende nou van 'n eerstejaar. Volgens die destydse redakteur is dit gepubliseer weens die „waarde van die waardeloosheid" daarvan.

**TWEEDEJAARS**

Ons dink ons het 'n vreeslike tweedejaarsprobleem? Luister bietjie: „Die verlede het geleer dat die tweedejaar student die moeilikste persoon is om in toom te hou... Hulle weier om gehoor te gee aan die vermaninge en voorbeeld van die seniors... Die rede is dat die juniors al meer besiel is met die liberalistiese gees van die tyd..." Ene J. Enslin het in die jaar 1948 sterk oor die saak gevoel.

**KLASSIEK**

En dat vandag se ouhere hulle stoer by die edele tradisies van die verlede hou, blyk duidelik uit die volgende insiggewende staaltjie: „Die Ou Here het deur die eeue heen vir hulle 'n kultuurtjie opgebou wat, hoewel nie gelykstaande aan die Griekse klassieke kultuur nie, darem heeltemal klas-siek is, en dis oor hierdie klas-sieke kultuur wat die Proffies so ontevrede is, aangesien laasgenoemde 'n klasieke kultuur daarop nahou". Mooier kan dit nie gesê word nie.

**DANS**

Wederstrewigheid is nou maar eenmaal 'n ding wat jy nie sommer uit 'n student kry nie. „'n Groep onder die studente bepleit nie alleen dans nie, maar maak hulle ook daaraan skuldig..." En dit in 1948! Die skrywer haal dan die volgende interessante statistieke aan: „Volgens dr. J. J. Muller in ‚Reinheid' was daar van 200 ongetroude moeders in 'n inrigting vir gevalle meisies 168 deur dans verlei. Uit die tydskrif ‚Wachter' wat in Amerika uitgegee word, verneem ons dat van 2 500 van bg. gevalle 75% hulle ongelukkige toestand aan dans te wyte het". Dames, skryf dit op die tafels van jul harte.

**SONDAE**

En die „sondigheid" loop maar al die pad saam van 1948: „Ontstellend is dit om te sien watter persentasie van ons studente Sondae vir die eerste keer opstaan net voor die etensklok die middagmaal aandui... 'n Verskriklike los gees maak hom van ons studentelewe meester en dit gaan onbekommerd voort..." Nee, dis regtig nie dominee wat verlede Sondag so gesê het nie. Dis toeka se studente wat die onderwerp van ernstiger kommer is.

**KOS**

Koshuiskos bly maar 'n gewilde onderwerp van bespreking: „Elke Woensdagmiddag het daar op elke koshuistafel 'n vleispastei gepryk, 'n rasegte ‚Jantjie-onder-die-kombers'. Die ‚kombers' as sodanig het geen moeilikheid veroorsaak nie, maar die weersin teen ‚Jantjie' het gaandeweg sterker geword..." Diegene wat belang stel in die daaropvolgende spannende kosstaking, kan dit nalees op pagina vyf in Die Wapad van Junie, 1948.

**KENNIS**

Die volgende eienaardige, sielkundige verskynsel is nie net 'n simptoom van vandag se manstudente nie. 'n Brief komende van Malherbestraat 20 deel ons dié stukkie skindernuus mee: „... Hy sleep nie graag meisies nie, maar die kennis wat hy van hulle het, verbaas ons elke dag. Dat 'n man met soveel kennis nie 'n praktyk begin nie, slaan ons dronk".

Toe-se-tyd het hulle ook al die nodigheid vir 'n Jaar van die Vrou ingesien: „Die natuur het die vrou soveel mag gegee dat dit wel heel verstandig haar baie min mag gegee het".

**OPKOMSTE**

Dit is heeltemal verbysterend dat die Puk nog op al sy fondamente staan. „Wat haper aan ons studente? Hoekom lê ons so min inisiatief aan die dag? Iets moet gedoen word!", lui die noodkreet van 'n student in 1951. In 'n hoofartikel word gesê: „Dit is die afgelope tyd 'n gedurige verskynsel dat daar by alle funksies 'n swak opkoms aangetref word..." En die volgende klink byna ongelooflik gedagtig aan die „goeie ou dae": „Ek weet dat die studente nie altyd so was soos hulle is nie. Daar was 'n tyd dat alles met die studentelewe goed gegaan het, selfs nieteenstaande die feit dat daar maar baie moeilike karakters in ons midde was..." 'n Mosie van wantroue in die student van 1948.

Salomo het die slotwoord: „Die hart van die wyse is na regs, maar die hart van 'n dwaas is na links". Die onomstootlike bewys: daar is dan werklik niks nuuts onder die son nie — selfs toe al het hulle politiek gepraat!



Die aankoms van die R.S.A. en verwelkoming van die nuwe bemanning.

# STUDENTE VAN DIE KULTUURKUNDE LEWE NOU EERS

Pieter Louw

**COLAMUS LEWE! 'n Mens kan nie anders as om tot dié gevolgtrekking te kom as jy hierdie vereniging vir Kultuurkunde studente se werksaamhede in oënskou neem nie.**

Met Theo Cloete en Pieter Viljoen aan die spits lyk dit asof Colamus weer sy ou hoogtes, indien hy dit nie oortref nie, gaan haal. Tot dusver het dié vereniging 'n baie suksesvolle vleisbraai, 'n ledevergadering en 'n daglange toer na Johannesburg agter die rug.

Die uitstappie na Johannesburg het op Saterdag 17 Mei plaasgevind. Die hoofdoel van hierdie uitstappie was om na Truk se opvoering van „Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat" te gaan kyk.

Alhoewel die opvoering eers die aand plaasgevind het, het die bus reeds die oggend van die kampus vertrek sodat die studente die geleentheid kon kry om 'n eie verkenningstog in Hillbrow aan te knoop. Baie het die kans benut om 'n goeie fliek te gaan kyk. Oor die negentig kaartjies vir die opvoering van "Joseph" is verkoop wat duidelik toon hoe suksesvol hierdie uitstappie was.

Nog verdere uitstappies en ledevergaderings, waartydens interessante sprekers sal optree, word deur die bestuur in die vooruitsig gestel. Aangesien dit die jaar van die vrou is, sal mev. Bettie Venter, vrou van prof. C. N. Venter, Colamuslede oor „Women's Lib" kom toespreek.

Colamus is op die oomblik 'n onafhanklike vereniging aangesien hy nie by die S.A.B. geaffilieer is nie. Alhoewel daar dus 'n nypende tekort aan geld is, demp dit tog nie die ondernemingsgees van die wat aan die spits van sake staan nie.

# SPORT

## WES-TRANSVAAL SÊ DANKIE

Deur Annali Cabano

**DIE Wes-Transvaalse Amateur Atletiek Vereniging het verlede Vrydagaand hul jaarvergadering gehou. Belangrike besluite is geneem in verband met 'n moontlike tartanbaan en standaardnommers tydens mini-byeenkomste.**

HERKIES

Die voorsitter van verlede jaar, ds. John Lamprecht, is herkies met mnr. Koos Hattingh — 'n oud-Puk, as ondervoorsitter. Mnr. Bert Geyser is die sekretaris-penningmeester en mnr. Sakkie van Breda — die tegniese bestuurder. Mnr. Jos Sirakis is op die senior keur- en kleurekomitee terwyl dr. Gert Scholtz saam met die voorsitter en ondervoorsitter Wes-Transvaal sal verteenwoordig op die SAAAV-jaarvergadering.

Die voorsitter het in sy jaarverslag sy dank uitgespreek teenoor die Puk vir sy groot bydrae tot Wes-Transvaalse atletiek en goeie naam. Ook het hy sy dank uitgespreek teenoor die Puk se bydrae in die bestuur. Hy het dit onomwonde gestel dat Wes-Transvaal 'n leemte voel wat betref 'n tartanbaan en dat ernstige onderhandelinge aan die gang is. Wie weet — een van die dae sit die Puk dalk ook met 'n kunsbaan.

Daar is besluit om meer standaardnommers in te bring in minibyeenkomste. Die Wes-Transvaalse Junior en Senior Kampioenskappe sal vroeg in April 1976 aangebied word en wel oor dieselfde naweek. Verder sal die verteenwoordigers op die SAAAV-vergadering 'n versoek rig dat groot internasionale byeenkomste meer versprei oor die seisoen sal voorkom.

PRESTASIE KLEURE

'n Hele aantal prestasiekleure is toegeken. Mnr. Jos Sirakis het kleure ontvang as bestuurder van die Wes-Transvaalse span. Verder het sewe mans en agt dames kleuretoekennings gekry.

Mans: Pollie Massyn, Gerrie Jacobs, Stephanie Kotze, Piet Meyer, Hendrik Badenhorst, Piet Goosen, Dawie Malan.

Dames: Ruanda Jacobs, Ria van der Berg, Ann Hayward, Annali Cabano, Corle Kruger, Amanda Uys, Alta Stander, Estile Robbertse.

## *Netbal doedies is blink*

Annali Cabano

**NEGE Pukke sal Wes-Transvaal op 29 Junie in die Suid-Afrikaanse Toernooi verteenwoordig. Die proewe het verlede Saterdag plaasgevind.**

Die span is: Marlene Strydom, Annette Cronje, Wilma Fondse, Adri Coetsee, Reinette van Niekerk, Bettie Prinsloo, Marlize, Zaayman, Febe Bakker, Ilse Basson.

Op 6 Julie vind die SAU-toernooi in Pretoria plaas. Die volgende dames neem daaraan deel: Marlene Strydom, Annette Cronje, Adri Coetsee, Bettie Prinsloo, Febe Bakker, Ilse Basson, Hantie Kleingeld.

## HOKKIE-BOKKIES PRESTEER

ANNALI CABANO

**TIE Puk-dames is genooi om aan die finale Wes-Transvaal proewe deel te neem. Dit is 'n groot prestasie aangesien daar net 30 vroue uit die hele Wes-Transvaal genooi is — die PUK voorsien dus 'n derde van die deelneemsters.**

Die genooides is:

Sanpet Coetzee, Truusje Faber, Manana Joubert, Hestertjie de Korte, Elza Pienaar, Wilna Becker, Lena van Wyk, Retha Horn, Alta de Korte, Lizet Uys.

ONOORWONNE

Die eerste span het verlede naweek klaargespeel met Klerksdorp deur hul te klop met 8-0 en is tot dusver onoorwonne in hul liga. Die tweedes het teen Western Reefs geseëvier met 'n telling van 5-1. Die derde span het gelykop gespeel teen Carleton James. Die telling was 2-2, en die span is ook nog onoorwonne in hul liga.




INSLEEP Restaurant

GEKOOKTE MAALTYE AAN STUDENTE

TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039

—WP

WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060
Tomstraat 84 Tel. 6660
POTCHEFSTROOM

—WP


## RAU KOM TWEEDE

Deur Annali Cabano

**DIE Puk het op 17 Mei plegtig deelgeneem aan die opening van die Raukies se nuwe kampus. Verskeie sportspanne is na Johannesburg om hul slag te gaan wys teen die sportmanne van RAU.**

**Die PUK se dameshokkie is vanjaar behoorlik op dreef, veral in die lig gesien van Saterdag se puik wedstryde op RAU.**

Die eerste span het gelykop gespeel met 'n telling van twee elk en die tweede span het met 5 — 1 gewen.

Die eerstes het aanvanklik swak begin, maar het geskrik nadat RAU binne die eerste 20 minute twee doele beaal het. Die voorlyn het veral sy goeie vertoning te danke aan Louise Strydom. Heila van Deventer het op middelvoor goed gespeel asook die twee middelskakels — Cornelia Meyer en Alta de Korte. Die doelwagter, Ria Klopper, het puik vertoon deur talle aanvalle puik af te weer.

LANDLOOP

**Die landlopers het verlede naweek stof in hul teenstanders se oë geskop tydens RAU se kampusopening. Die mans het 'n naelskraap oorwinning oor Wits behaal deur hul met een punt te klop, terwyl die dames twaalf punte voor hul naaste teenstanders geëindig het.**

In die individuele kompetisie, het Andries Krogman tweede na Ferdie Swanepoel geëindig. Gert Doorewaard en Jan Lubbe het ook baie goeie plekke behaal.

In die vroue afdeling, het Rosalie de Klerk — L.O.-lektrise aan die PUK, — eerste gekom, met Denise Swanepoel in die tweede plek en Louise van Biljon in die vierde.

Die kompetisie was nie baie sterk nie, maar die landlopers praat met blink oë van die 24ste se Wes-Transvaal proewe. Almal is goed voorbereid en hoop om hul beste vertonings te lewer.

NETBAL

**Die netbal-dames het verlede naweek RAU se kampus op tasbare wyse help inwy met hul weghol-oorwinnings. Die PUK se eerste span het gewen met 'n telling van 35 — 10 en die tweedes het skoonskip gemaak met 41 — 0.**

Die twee PUK-spanne is met nuwe kombinasies in die veld gestoot en het besonder goed vertoon. Hoewel dit maklike wedstryde was, was daar tog speelsters wat vir hoogtepunte gesorg het. Hentie Kleingeld het die RAUKIES se verdedigers verbluf laat staan by die doelpale en Marlene Strydom het vir 'n goeie vloei in die wedstryd gesorg met haar suiwer gestuurde balle.

Die kompetisie was ietwat teleurstellend, maar die wedstryde is in goeie gees afgespeel.

## PUK NOG ONOORWONNE

Jan van Vuuren

**VIR die eerste keer in 'n baie lang tyd het die Puk verlede Saterdag met bykans sy sterkste span op die veld gedraf. Piet Brand en Eric le Roux kon egter weens beserings nie op Orkney teen Western Reefs speel nie.**

In die wedstryd het Willie de Bruin soos 'n reus bo sy spanmaats uitgetroon. Nie alleen was sy spel van die hoogste gehalte nie, maar hy was verantwoordelik vir 22 punte. Die bonkige Wes-Transvaalse



WILLIE DE BRUIN

heelagter — wat vir die Puk senter speel — het ook 'n groot aandeel in die drieë van James Claasen en James Stofberg gehad.

Alhoewel die Puk nog onoorwonne in die plaaslike liga's is, is daar rede tot kommer. Die gaping wat Piet Roodt en Eugene van Wyk se vertrek gehad het is nog nie behoorlik gevul nie. Alhoewel Willie de Bruin en Dries Swanepoel puik vertoon het, glo ek dat hul beter gebruik kan word in hul regte posisies.

Onder die voorspelers is daar ook een probleem, alhoewel van 'n heel ander aard as die senterprobleem. Die posisie van die losvoorspelers is een wat enige keurder sal laat glimlag. Om oor spelers van die kaliber van James Stofberg, Eric le Roux, Johan Radlof en Diederik Fouche te beskik sal enige klub groen van jaloesie laat.

Die probleem is om een van die spelers na die 1B-span te pos, waar sy potensiaal nie ten volle sal kan ontluik nie. Daar is min te kies tussen die vier manne maar daar is ongelukkig net plek vir drie losvoorspelers in 'n rugbyspan.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

## Ted Sceales: dalk weer glorie

Jan van Vuuren

**DIE loting vir hierdie jaar se Ted Sceales Uitklopreeks vir studentespanne is bekend gemaak. Die Puk moet in die eerste ronde van die reeks teen die gedugte span van die Witwatersrandse Universiteit kragte meet. Dit is dieselfde Witsies wat die Puk al 'n keer of wat in die reeks gestuit het.**

Die wedstryd moet in Johannesburg gespeel word en moet voor 21 Junie afgehandel word. Aangesien die meeste toetse al teen daardie tyd iets van die verlede sal wees kan ek nie sien hoekom u nie die dag na Johannesburg kan reis om die Puk te gaan ondersteun nie. Dit is 'n algemene feit dat die manne van die Puk ondersteuning van die kantlyn af nodig het om hul beste te lewer. Verlede jaar se wedstryd in dieselfde reeks teen die Ikeys het dit tog duidelik bewys. Die presiese datum en die veld waarop die wedstryd gespeel word sal in die Wapad aangekondig word.


Interad

(edms.) bpk. uitgewers en skakelkonsultante

Benodig die dienste van:

★ JOERNALIS

vir weeklikse koerant in Oos-Vrystaat.

★ SKAKELPERSOON

om advertensies te behartig (Wes-Transvaal).

★ JOERNALIS

vir landboutydskrifte (Wes-Transvaal).

Gulde geleentheid vir jong manne om die volle spektrum van die uitgewersbedryf te leer beheers. Ruim salaris, maatskappymotor (ook vir privaat gebruik) en toekomsmoontlikhede vir die regte man.

Doen aansoek by:

INTERAD (EDMS.) BPK.,
C.N.A.-gebou,
Kerkstraat 139,
Tel. 6109/6350,
POTCHEFSTROOM (2520). —P.